

26 April Jeremia 45:1-5; 36:21-28, (Teks: 45:5a)

God se belange, of eie belang?

Barug was die sekretaris van Jeremia. Hy was 'n geletterde man, maar tog ook iemand wat in die skadu van die profeet beweeg het. Uit die verse blyk dit dat Barug eintlik niks meer wou wees as die niksseggende skadufiguur nie.

Omstandighede, of laat ons eerder sê die Here, dryf hom egter op die voorgrond. Volgens Jeremia 36 word hy verplig om 'n oordeelsprofesie aan die koning te gaan oordra en dan word die profesie begroet met ernstige verset. Trouens, Jeremia en Barug se lewens word alleen gered deur die sorg van die Here. Dis hierdie gebeure wat die sekretaris van die profeet so diep raak dat hy uitkerm: "Wee my tog, want die Here het kommer aan my smart toegevoeg; ek is moeg en vind geen rus nie." Alles word net te veel vir Barug.

In ons teksvers beskuldig die Here Barug dan daarvan dat hy vir homself groot dinge gesoek het. Maar hoe rym 'n mens die beskuldiging nou met Barug se onwilligheid om in die kalklig te tree? Barug se sonde is daarin geleë dat hy verwagtinge koester wat duidelik nie in die eerste plek gerig is op wat die Here wil hê nie, maar wat sou inpas by sy begeerte om die anonieme sekretaris te bly. Meer nog. God was besig om hierdie volk, die werk van sy hande, uit te ruk en om te gooi. Sy eiendomsvolk aan wie Hy soveel aandag bestee het, gaan te gronde en Barug is bekommerd oor sy nood; sy lewe wat nou nie meer so rustig is nie. Moenie groot dinge soek nie, sê die Here. Staak jou ambisie, jou soeke na veiligheid en rustigheid; die instandhouding van jou eie rykie. Maak ons nie ook soos Barug nie? Soek ons dalk ook groot dinge vir onself? Vlug ons vir die verantwoordelikhede wat op die pad kom van knegte van die Koninkryk, of buig ons onder die verantwoordelikhede, wat dit ook al vir ons mag inhou?

Sing: Psalm 105:2,3,4

Ds. B.C. Smit (Eloffsdal)